Postkoloniale leierskap? Die uitdagings vir ’n nuwe geslag teoloë

Ian Nell

Ian Nell, Departement Praktiese Teologie en Missiologie, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

In Suid-Afrika leef ons in ’n postkoloniale konteks. Die vraag is of mens hoegenaamd sou kon verwys na “postkoloniale leierskap”; dit is dan ook die rede vir die vraagteken in die titel. Nadat begrippe soos *kolonialisme*, *postkolonialisme* en *dekolonisering* onder die soeklig gekom het, word na die belangrikste uitdagings gekyk wat teoloë en godsdienstige leiers in Suid-Afrika in die gesig staar en sal gepoog word om groter helderheid daaroor te verkry. Van die uitdagings wat ondersoek word, sluit in ekologiese, sosiopolitieke, ekonomiese en opvoedkundige uitdagings, die Vierde Nywerheidsrevolusie en ook geestelike uitdagings. Geloofsleiers moet op hierdie uitdagings reageer, en daarom sal die navorser na verskillende leierskapsbevoegdhede kyk wat ’n nuwe generasie teoloë moet toerus. Dit is met ander woorde bekwaamhede wat ons hopelik in staat sal stel om op verantwoordelike wyse op die uitdagings te reageer en wat gemeentes kan help om in ’n uiters onsekere wêreld te floreer.

Trefwoorde: bevoegdhede; dekolonisering; kolonialisme; leierskap; postkoloniale leierskap; postkolonialisme

Abstract

Postcolonial leadership? The challenges facing a new generation of theologians

“Postcolonial leadership?” as the title of the article was deliberately written with a question mark. I do not think there exists such a concept as postcolonial leadership. One should rather refer to “leadership in a postcolonial context”, with South Africa as a case in point. What must therefore be determined, is: Firstly, what is meant by *colonialism*? The answer to this will also help in understanding postcolonialism better. Secondly, we must try to ascertain what the

challenges are that this context poses to theological leadership. And thirdly, what leadership competencies does a young generation of theologians need to confront these challenges?

Colonialism can be described as a force that continues to marginalise the most vulnerable citizens for the benefit and economic wealth of the least vulnerable. Some critics even consider globalisation as contributing to colonialism. According to Sharp (2012:422), however, postcolonialism "denotes a time that historically follows many movements toward independence of former colonies. It also criticizes novel forms of colonialism that endure." Under *decolonisation* I do not understand the destruction of Western knowledge, but its decentralisation. It would then become merely *one* way of knowing rather than *the* way of knowing. It enables the creation of new knowledge spaces (Le Grange 2016:1).

It is within this postcolonial context that my colleagues and I participate in teaching and cultivating a new generation of theological leaders. In preparing our students for their professional life we do have the further responsibility to help them understand the different challenges they are presently facing. Among these challenges we find the following: 1. The ecological challenges, which are enormous if the population growth and the impact of the consumer culture on our natural resources are kept in mind. 2. The ethnopolitical challenges, which relate to the fact that we live a country with a rich diversity of cultures and languages. 3. The unequal distribution of income contributes to the economic challenges our leadership is facing. The difference in the quality of education between schools in various parts of the country has a huge impact on admission to tertiary education and is a direct consequence of the history of unequal education. 4. All of this points towards the educational challenges we are facing. 5. Then, if one keeps in mind that 80 per cent of South Africa's population indicated in the last census that they belong to the Christian faith, one finds it astonishing that we are confronted with such enormous ethical and moral challenges in our country. 6. One can no longer imagine a world without cell phones, laptops and an internet connection. Our dependence on these modes of communication also gives enormous power to the persons in charge of these networks. In the light of this one becomes aware of the enormous electronic and cyber-physical challenges that the 4IR (Fourth Industrial Revolution) is posing.

After explaining some of the challenges a new generation of theologians are facing in the South African context, we are in the position to define some competencies that are needed to address these challenges. According to Shavelson (2010), *competencies* can be broadly defined as "a combination of cognitive, affective, motivational, volitional and social dispositions that form the basis for performance".

As an organising principle for developing a competency framework, the three meta-categories from Jack Barentsen (2016:272) were adopted and translated into competencies. A fourth competency was added. The four competencies can be classified as follows:

- *core competencies* that qualify theological leaders
- competencies that focus on *relationships within* the faith community
- competencies that focus on *relationships with those outside* the faith community
- competencies that focus on *the environment*.

The core competencies of theological leadership relate to tasks that guarantee the core of this form of leadership and consequently concentrate on the religious and theological identity of the community. It is evident that identity leadership plays a major role here. The

following competencies can be distinguished: symbolic competency, spiritual competency and hermeneutical competency.

Whereas the core competencies are concerned with the identity of theological leadership, the focus now shifts towards competencies related to the maintenance, preservation and promotion of the faith community. Competencies focusing on matters within the religious community are the following: pastoral competency, visionary competency and reconciling competency.

Thus a religious community is grounded in its theological identity (core competencies) and is complemented by the care and maintenance of that community (competencies within the community). However, faith communities are embedded in specific societies that influence and define them. The third group of competencies is therefore directed at the public dimension of society. The competencies that focus on those outside the religious community are the following: communicative competency, innovative competency and entrepreneurial competency.

Planet earth ensures our continued existence, but we do not treat it well. If one reads the United Nations' IPCC report on climate change (IPCC 2019), one realises in what deep trouble we are concerning the care for Mother Earth. In fact, the question even arises whether we should not put ecological competency right at the top of the list, because if our planet is exhausted, all the other competencies will not be needed anymore.

Leadership in Christian faith communities is inherently a spiritual matter and therefore leaders should not take lightly the power they have to influence others' behaviour and actions. Therefore the idea of a spirituality of leadership is advanced in terms of which leaders must be open to guidance of the Holy Spirit, where the Spirit shapes and transforms us into the image of Christ.

The four sets of competencies can thus be summarised in the following way:

- The core competencies, which relate to a form of priestly listening, grounded in a *spirituality of presence*: Attending to others in their particularity within the presence of God.
- The internal competencies, which relate to a form of transforming leadership, grounded in a *spirituality of servant leadership*: Taking risks on behalf of the community to help them better embody its mission as a sign and witness of God's self-giving love.
- The external competencies, which relate to a form of prophetic discernment, grounded in a *spirituality of discernment*: Helping others to hear God's Word in the particular circumstances of their lives and world.
- The ecological competency, which relates to a form of wise judgement grounded in a *spirituality of sagely wisdom*: Guiding others in how to perform earthkeeping.

Keywords: colonialism; competencies; decolonisation; leadership; postcolonial leadership; postcolonialism

1. Inleiding

Die titel van die artikel is doelbewus met ’n vraagteken geskryf. Ek dink nie daar bestaan ’n begrip soos “postkoloniale leierskap” nie, maar dat mens eerder behoort te verwys na “leierskap in ’n postkoloniale konteks”, met Suid-Afrika as ’n tipiese voorbeeld. Die leierskap wat hier ter sprake is, is godsdienstige leierskap en meer spesifiek die leierskap wat verwag word van ’n nuwe geslag teoloë in opleiding. Hulle verteenwoordig ’n geslag jong vroue en mans wat voor unieke uitdagings staan as ons hierdie postkoloniale konteks ernstig opneem en boonop die uitwerking van die koronaviruspandemie in gedagte hou wat aan die einde van 2019 in China uitgebreek het en sedert Maart 2020 ook in Suid-Afrika kop uitgesteek het.[1]

Dit is binne hierdie postkoloniale konteks, verder gekompliseer deur die koronaviruspandemie, waarin ek en my kollegas deelneem aan die onderrig en kweek van ’n nuwe generasie van teologiese leierskap. Dit is duidelik dat konvensionele leierskapontwikkelingspraktyke nie meer voldoende is nie. Opleidingsinstellings moet die volgende-generasie leierskapsvaardighede inkorporeer om in die ontwikkelingsbehoeftes van opkomende leiers te voorsien. Verder het die digitale transformasie wat die vierde nywerheidsrevolusie (die internasionale afkorting 4IR sal hier verder gebruik word) onderlê, ’n nuwe omgewing geskep wat vinnig, oop en dinamies is, maar wat ’n hele aantal nuwe uitdagings aan leierskap stel.

Hoe ontwikkel ons die volgende generasie leiers om hierdie uitdagings die hoof te bied? In hierdie verband moet ons die kommentaar van Elmes (2017:3) ernstig opneem wanneer hy sê dat 85 persent van die beroepe wat in 2030 beskikbaar gaan wees, nog nie uitgevind is nie. Ons moet dus die studente en gegradueerdes voorberei op ’n wêreld waarvoor ons hulle eintlik nog nie kan voorberei nie.

Dit bring my by die drie sentrale navorsingsvrae van hierdie studie: Eerstens, hoe lyk hierdie sogenaamde postkoloniale konteks waarbinne dié nuwe geslag leiers moet funksioneer? Tweedens, wat is die uitdagings wat teologiese leierskap in die gesig staar binne hierdie konteks? Derdens, watter bevoegdhede is nodig om hierdie uitdagings die hoof te bied? In die volgende afdeling word die begrippe *kolonialisme*, *postkolonialisme* en *dekolonisering* eers verder ondersoek om ’n konteks vir die navorsingsvrae te skep.

2. Kolonialisme, postkolonialisme en dekolonialisering

Kolonisering behels die uitbreiding van ’n volk se soewereiniteit oor gebiede buite sy grense deur die vestiging van óf setlaarkolonies óf administratiewe afhanklikhede waar inheemse inwoners direk onder die beheer of voogdyskap van die koloniseerders val. Kolonialisering kan beskryf word as ’n toestand wat voortdurend daarop uit is om die kwesbaarste burgers in die samelewing verder te marginaliseer tot voordeel van die ekonomiese welvaart van die mins kwesbare mense. Sommige kritici beskou globalisering selfs as ’n groot bydraende faktor tot kolonialisme (Grosfoguel 2009:17–8).

Dit is algemene kennis dat Suid-Afrika as een van die mees ongelyke samelewings, indien nie die ongelykste nie, in die hele wêreld beskou word. Die term *kolonialisme* kan ook gebruik word om te verwys na ’n stel oortuigings wat gebruik word om die bestaande stelsel te legitimeer of te bevorder. Die regverdiging van kolonialisme word dikwels gebaseer op die

etnosentriese oortuiging dat die moraliteit en waardes van die koloniseerder beter is as dié van die gekoloniseerdes. Sommige waarnemers verbind sulke oortuigings aan rassisme en pseudo-wetenskaplike teorieë wat uit die 17de en 18de eeue dateer (Mignolo 2007:452).

Postkolonialisme, daarenteen, dui ’n tyd aan wat histories volg op bewegings wat die onafhanklikheid van voormalige kolonies nastreef. Daar is vanuit dié geledere ook kritiek oor nuwe vorme van kolonialisme wat steeds voortduur. Te midde van verskeie vorme van vernietiging het historiese kolonialisme nasies en volke in hiërargiese verhoudings van oorheersing en onderdrukking georganiseer. Anders gestel sou mens kon sê dat postkolonialisme die betekenisvolle en aktiewe weerstand teen die kragte van kolonialisme is, wat die onderwerping en/of uitbuiting van gedagtes, liggame en grond insluit. Postkolonialisme se uiteindelike doel is om die koloniale struktuur omver te werp en die inheemse inwoners se bevryding te verwesenlik (Sharp 2012:422).

As ’n interdissiplinêre studieveld sluit postkoloniale studies aan by die postmoderne wantroue in die sogenaamde metanarratiewe wat ongelykheid veroorsaak en koloniale praktyke verberg. In postkoloniale studies in teologie word daar nog verder gegaan en word die belang beklemtoon van die ontmaskering van norme wat mense steeds onderdruk en die onderdruktes se potensiële deelname misken (Bradnick 2012). Hieruit vloei natuurlik die dryfkrag en motivering voort vir die dekolonisering van hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika, wat momentum gekry het met die studente-onrus en die opkoms van die sogenaamde Fallist-bewegings teen die einde van 2015.

Onder dekolonisering word nie soseer die vernietiging van die Westerse kennis verstaan nie, maar eerder die desentralisering daarvan. Westerse kennis is met ander woorde bloot één moontlike manier om kennis te verwerf, eerder as die enigste manier. Dit maak verder die skepping van nuwe kennisruimtes moontlik (Le Grange 2016:1). Maar dit moet begryp word dat dekolonisering ook ’n baie persoonlike saak is wat in ’n mens se eie psige en identiteits-bewussyn afspeel. As deel van hierdie proses is ’n mens voortdurend met introspeksie besig en vra jy jou af in watter mate kolonialisme deel van jou eie DNS is.

Die volgende stap is nou om die uitdagings wat teologiese leierskap in die gesig staar, gegewe die postkoloniale landskap, van nader te bekyk.

3. Uitdagings wat teologiese leierskap in Suid-Afrika in die gesig staar

In die middel van Stellenbosch vind mens ’n kleinerige heuwel bekend as Papegaaiberg. Dit is Papegaaiberg genoem, want toe die eerste Nederlandse goewerneur en kolonis van die Kaap, Simon van der Stel, die dorp teen die einde van die 17de eeu kom besoek het, het hy en sy kollegas ’n dag gehou waarop hulle papegaaie in die bome gejag het, vergesel deur baie feestelikhede. Dit is ook na Van der Stel dat die dorp vernoem is. Van der Stel se “bosch” is inderdaad vandag Stellenbosch.[2]

Elke jaar neem ek my studente op teen die hange van Papegaaiberg om vir hulle oefening en vars lug te gee, maar ook ’n les in geografie en teologie. Dit is eers wanneer mens ’n bietjie hoogte kry, met ander woorde ’n voëlvluguitsig het, dat mens die vele “postkoloniale” uitdagings waarmee ons te kampe het, begin verstaan. Mens kan dit ’n geografies-teologiese

benadering tot praktiese teologie noem. Bo-op die heuwel word verskillende tekens van verskillende aard sigbaar. Ek help die studente om die verskillende uitdagings wat ’n praktiese teoloog in die gesig staar, te begryp deur hierdie tekens saam met hulle te interpreteer.

Die eerste teken wat as ’t ware mens se asem wegslaan, is die skoonheid van die omliggende berge, valleie en wingerde. Die pragtige blou Jonkershoekberge op die agtergrond en die helder stroom water van die Eersterivier herinner ’n mens aan die paradys. Hierdie prentjie word verder ingekleur deur die groen wingerde van die wyn- en vrugteplase in Stellenbosch se valleie en heuwels. Die skoonheid van hierdie ekologiese teken is egter ’n paradoks. Aan die een kant maak dit mens bewus van die wonder van die skepping van God, die gawe van die natuur, van skoon lug, van die water en van die landbouprodukte wat mens vir voedselsekerheid en oorlewing benodig. Aan die ander kant weet ons hoe kwesbaar die natuur is. Dieselfde stroom water vanaf die Eersterivier wat afkomstig is van hoog in die Jonkershoekberge, is volgens kenners een van die giftigste riviere waar dit die voet van Papegaaiberg bereik, as gevolg van besoedeling deur nywerhede. Die uitdagings wat uit hierdie teken voortvloei, kan die ekologiese uitdagings genoem word, en dit is van enorme omvang as die bevolkingsgroei en die impak van die verbruikerskultuur in gedagte gehou word.[3]

Die tweede teken wat aan die studente uitgewys word, sien mens wanneer jy van die natuurskoon afkyk na die kultuur van mense in die vorm van behuising. ’n Mens word pynlik bewus van die oorblyfsels van die apartheidstydperk en -wetgewing wat nog so duidelik sigbaar is in die woonbuurte aan die voet van Papegaaiberg. Die eerste ding wat ’n mens opmerk, is die sinkplaatkonstruksies van die informele behuising, die plakkershuise van die inwoners van Kayamandi, met hoofsaaklik swart mense wat daar woon. Die gebrek aan infrastruktuur in die vorm van paaie, elektrisiteit en riolering is duidelik sigbaar. In hierdie gebied is daar ook ernstige behuisingstekorte.

Aan die oorkant van die pad vind ’n mens ’n gebied met rye huise wat uit meer formele behuising bestaan, bekend as Cloetesville. Die gebied het ’n goeie infrastruktuur. Daar woon meestal bruin mense wat gedurende die 1960’s en 1970’s van die sentrale deel van Stellenbosch soontoe verskuif is as gevolg van die Groepsgebiedewet van 1950.

As ’n mens na die oorkant van die dorp kyk, in die rigting van die Eersterivier en suid van die dorp, dan sien mens dat die huise daar baie groter is en die infrastruktuur goed ontwikkel is, en die hoë bome met die ander groen plantegroei maak dat die huise byna onsigbaar is. In hierdie woongebiede woon veral wit mense en onder hulle is van die rykste mense in Suid-Afrika. Sommige van hierdie families het hul rykdom oor eeue opgebou en ander was suksesvol in ander dele van die land en het onlangs na Stellenbosch verhuis. Die uitdagings wat uit hierdie teken voortvloei, kan ’n mens die etnopolitieke uitdagings noem.

’n Derde sigbare teken is geleë in die sakekern van Stellenbosch, met die groot wit geboue en ’n uitgestrekte parkeergebied van die British Atlantic Tobacco Company (BAT), wat onlangs aan die Mediclinic-groep verkoop is. Dit is algemene kennis dat een van Suid-Afrika se grootste ondernemers, Anton Rupert, die stigter van hierdie onderneming was. BAT het nie alleen duisende mense in diens nie, maar die invloed van hierdie organisasie reik ook oor die hele wêreld in terme van produkte en kapitaalinvestering. Soos dikwels die geval is met sulke ondernemings in ’n neoliberale kapitalistiese vryemarkekonomie, veroorsaak die winste wat die maatskappy verdien, steeds groter gapings tussen ryk en arm. Volgens kenners het Suid-Afrika

die grootste gaping tussen ryk en arm mense in die wêreld. Hierdie ongelyke verdeling van inkomste dra by tot die ekonomiese uitdagings wat leiers in die gesig staar.

Die rooi dakke van verskillende skoolgeboue en die Universiteit Stellenbosch is die vierde duidelik sigbare teken vanaf die bopunt van die heuwel. In hierdie dorp is daar nie net van die beste skole in die land nie, maar ook ’n tersiêre instelling wat as een van die beste universiteite op die vasteland van Afrika beskou word. In ’n sekere sin vorm hierdie instellings die hartklop van Stellenbosch as opvoedkundige sentrum met ongeveer 40 000 voltydse studente wat jaarliks aan die skole, universiteite en kolleges in die stad studeer. Ongelukkig is daar ook enorme verskille ten opsigte van onderwys en veral die toegang wat dit tot tersiêre onderwys bied. Die gehalte van onderwys vir kinders wat in ’n plek soos Kayamandi grootword, verskil baie van dié van die hoofsaaklik wit skole soos Paul Roos Gimnasium, waar kinders onderwys van hoë gehalte ontvang, maar teen hoë koste vir hul ouers. Die verskil in die gehalte van onderwys tussen die skole in die verskillende woongebiede het ’n direkte invloed op toelating tot tersiêre onderwys en is ’n direkte gevolg van die geskiedenis van ongelyke onderwys. Een sosiale kommentator praat selfs in hierdie verband van die sogenaamde onverklaarde oorlog teen ons kinders, wanneer hy nadink oor die manier waarop die “educare”-uitdagings in ons land die afgelope 25 jaar aangepak is.

Die torings van verskillende kerke is op verskillende plekke in die dorp sigbaar en is die vyfde teken waarop ek normaalweg wys. Dit is die toring van die Stellenbosch Nederduitse Gereformeerde Moederkerk wat die prominentste is. ’n Paar meter daarvandaan kan die hoogste boom in Stellenbosch gesien word, ’n Norfolk-denneboom van Australiese oorsprong. Hierdie boom staan op die terrein van die Fakulteit Teologie, die enigste oorblywende teologiese fakulteit in die suidelike deel van die land. Kerke en plekke van aanbidding verteenwoordig waardegedrewe instellings. Dit is die plekke waar God aanbid word, maar dit is ook die plekke waar mense sosiaal verkeer, en waar etiek en waardes geïnternaliseer en beoefen word, hoewel dit in Suid-Afrika steeds merendeels volgens etniese groeperings geskied. As ’n mens in gedagte hou dat 80 persent van die bevolking van Suid-Afrika in die laaste sensus aangedui het dat hulle die Christelike geloof aanhang, vind ’n mens dit verbasend dat ons met sulke enorme etiese en morele uitdagings in ons land gekonfronteer word. Hier dink ’n mens dadelik aan korrupsie en misdade soos verkragting, geweld teen vroue en so meer.

Twee hospitale, Stellenbosch-hospitaal en Stellenbosch Mediclinic, staan prominent tussen die ander geboue in die dorp. Die eerste een is ’n staatshospitaal en die ander ’n private hospitaal. Ook hier vind ’n mens die sigbare onderskeid tussen verskillende groepe mense in die land, want pasiënte sonder mediese fonds en dikwels met ’n arm agtergrond gaan na die staats-hospitaal, terwyl mense wat wel lid is van ’n mediese skema en ’n meer gegoede agtergrond het, na die private hospitaal gaan.

Die wêreld van gesondheidsorg herinner ons aan die sesde teken, wat ons as endemiese, en selfs pandemiese uitdagings sou kon beskryf, in die lig van die vlakke van lewensgevaar wat hierdie verskillende vorme van siektedekking op mense se gesondheid inhou.

Hier dink mens aan siektes soos MIV/Vigs, tuberkulose, malaria, hepatitis A en vele ander siektetoestande wat mense se lewens en gesondheid bedreig. Suid-Afrika is een van die lande in die wêreld met die hoogste voorkoms van MIV/Vigs en na raming is daar sowat sewe miljoen mense wat die siekte onder lede het. Een van die grootste pandemies in die afgelope 100 jaar het aan die einde van 2019 in China uitgebreek en saam met baie ander lande is

Suid-Afrika ten tye van skrywe hiervan (3 April 2020) in die middel van ’n grootskaalse inperking. Die gerapporteerde aantal geïnfekteerdes staan wêreldwyd op 3 April 2020 op 1 016 534 bevestigde gevalle, met 53 164 sterftes. In Suid-Afrika is daar op hierdie tydstip 1 462 gevalle en vyf gerapporteerde sterftes. Hierdie uitdaging stel besondere eise aan godsdienstige leierskap as mens in gedagte hou dat alle eredienste ook deur die inperking opgeskort is en dat dit die leierskap oornag tot digitale kommunikasie met lidmate gedwing het.[4]

Terwyl ’n mens bo-op Papegaaiberg staan, bevind jy jou letterlik in die skadu van ’n radio-telefoon-toring. Teen die mas van hierdie toring hang ’n groot verskeidenheid panele wat aan verskillende selfoon- en internetondernemings behoort. Alles dui op die sewende en laaste teken en die koms van die era van kuberfisiese stelsels, groot data, kunsmatige intelligensie, die internet; van dinge wat alles besig is om ons wêreld radikaal te verander. Hierdie ontwikkeling staan bekend as die Vierde Nywerheidsrevolusie (4IR), en as ’n mens op die strate van Stellenbosch afkyk, sien ’n mens die rooi-en-wit linte wat waarsku teen uitgrawings langs paaie. Hierdie uitgrawings word gedoen vir die installering van optieseveselkabels om die kapasiteit van die elektroniese media te verhoog. Die meeste mense is eenvoudig verlore sonder selfone, skootrekenaars en ’n deugdelike internetverbinding. ’n Mens kan jou nie meer ’n wêreld daarsonder voorstel nie. Ons afhanklikheid van hierdie vorme van kommunikasie gee ook enorme mag aan die persone in beheer van hierdie netwerke. Uit hierdie teken word ’n mens bewus van die enorme elektroniese en kuberfisiese uitdagings wat die 4IR stel.

Noudat daar ’n konteks geskep is vir die uitdagings wat ’n nuwe generasie teoloë in die Suid-Afrikaanse konteks in die gesig staar, kan daar voortgegaan word om ’n aantal vaardighede of bevoegdhede te definieer wat ons nodig het om hierdie uitdagings die hoof te bied. In die volgende afdeling word die kwessie van bevoegdhede bespreek asook waarom dit van belang is vir ’n nuwe generasie teoloë.

4. ’n Kort oorsig oor die literatuur

Aan die Universiteit Stellenbosch (US) is daar vanaf 2015 met ’n proses begin om die ontwikkeling van gewenste eienskappe by graduandi deel te maak van die kurrikulum van sekere gekose programme in die tien fakulteite van die universiteit (Nell en Bosman 2017). Hierdie inisiatief is geneem om te verseker dat studente die kernbevoegdhede kan verwerf wat hulle kan help om suksesvol te gradueer. Daar is in die Fakulteit Teologie ’n besondere behoefte om ’n bevoegdheidsraamwerk te ontwikkel wat opgeneem kan word as deel van die MDiv-program (meestersgraad in Godgeleerdheid), in die lig van die feit dat dit ’n professionele graad is wat vereis word van studente wat voltyds in die bediening wil ingaan. Hierdie inisiatief het die belang van ’n raamwerk beklemtoon wat verder strek as om bloot generiese eienskappe van gegradueerdes op te noem. ’n Ondersoek na literatuur oor die onderwerp lewer die volgende deeltemas op, wat vervolgens bespreek word.

4.1 Van eienskappe van graduandi na bevoegdhede

Navorsing deur Jacobs en Strydom (2014) dui aan dat die ontwikkeling van die gewenste eienskappe van graduandi verbeter word as dit binne ’n dissiplinêre raamwerk ingebed is. In hul bydrae getiteld “Van Matie tot landsburger” kyk hulle na die maniere waarop eienskappe van graduandi van die US die studente kan help om afgeronde individue en betrokke burgers

te word. Volgens Jones (2013:592) is ’n verdere eienskap van ’n afgeronde individu die besef dat onderrig en leer lewenswye ervarings omvat en geïntegreer is in die gestruktureerde en komplekse lewens van ons studente. Dit vind plaas deur erkenning te gee aan die waardevolle ontwikkeling wat in studentgedrewe ruimtes buite die klaskamer en formele kurrikulum plaasvind.

4.2 Definiëring van bevoegdhede

Daar bestaan ’n groot hoeveelheid literatuur oor die nosie van bevoegdhede, waarin bevoegdhede breedweg omskryf word as “a combination of cognitive, affective, motivational, volitional and social dispositions that form the basis for performance” (Shavelson 2010:43). Shavelson bied ’n benadering tot die meting en statistiese modellering daarvan deur bevoegdheid te omskryf as ’n komplekse konstruk wat nou verwant is aan werklikheidsgesitueerde uitvoerings in die lewe van elke dag. Die bedoeling is om die konstruk “bevoegdheid” toeganklik te maak vir meting. Bevoegdhede kan dus gesien word as eienskappe wat relatief stabiel is oor tyd en in verskillende situasies, terwyl veranderinge deur dinamiese komponente veroorsaak kan word. ’n Bykomende oorweging vir die ontwikkeling van ’n bevoegdheids-raamwerk is Bloom se taksonomie van leeruitkomste, met die onderliggende gedagte dat die leerproses stap vir stap opgebou word. Daar is ’n behoefte daaraan dat drempelkonsepte doelgerig in programme en aktiwiteite geïntegreer word om dit sodoende deel te maak van die bevoegdheidsraamwerk.

Dit is ook belangrik om ’n onderskeid te tref tussen leeruitkomste en bevoegdhede. Leeruitkomste word gedefinieer in terme van bepaalde vlakke van kennis en vaardighede wat ’n student bereik het (Adam 2008:9). Bevoegdhede neem die gedagte verder deur leeruitkomste te beskryf in terme wat nie net definieer wat geleer moet word nie, maar ook wat die spesifieke prestasievlakke is wat van studente verwag word om te bemeester (Mulder, Weigel en Collins 2007:67).

4.3 Globale bevoegdheid

In die literatuur word die begrip *globale bevoegdheid* toenemend teëgekom (Bird, Osland en Lane 2004:57–80). Volgens die OECD PISA-raamwerk (Organization for Economic Co-operation and Development Program for International Student Assessment) vir globale bevoegdheid (sien die figuur hier onder) omvat globale bevoegdheid die verkryging van diepgaande kennis en begrip van globale en interkulturele kwessies; die vermoë om van ander mense te leer en saam met mense uit verskillende agtergronde te leef; asook die houdings en waardes wat nodig is om met respek met ander te kommunikeer. Globale bevoegdheid behels dus die vermoë om plaaslike, globale en interkulturele kwessies te ondersoek, om die perspektiewe en wêreldbeskouings van ander te verstaan en te waardeer, om oop, toepaslike en effektiewe interaksies met mense uit verskillende kulture te beoefen, en vir kollektiewe welstand en volhoubare ontwikkeling op te tree (Ramos en Schleicher 2018:6).

Die dimensies van globale bevoegdheid (Ramos en Schleicher 2018)

4.4 Toenemende behoefte aan algemene bevoegdhede

'n Interessante bydrae met betrekking tot algemene bevoegdhede is die werk van Young en Chapman (2010), waarin hulle 'n oorsigtelike beskrywing van die historiese ontwikkeling van bevoegdheidsraamwerke gee. Volgens hulle het die vinnige transformasie van die wêreld-ekonomie oor die afgelope drie dekades diepgaande veranderinge in arbeidsmarkte regoor die wêreld tot gevolg gehad. Deur globalisering is weg beweeg van landbou en vervaardiging na 'n nuwe kennisbasis van wêreldmarkte (Young en Chapman 2010:2). Dit het noodwendig daartoe gelei dat 'n sterker behoefte aan werkers wat tred hou met die veranderinge in die nuwe ekonomie, ook gelei het tot die ontwikkeling van 'n hele stel breë vaardighede of generiese vaardighede. Hulle gee interessante voorbeelde van regoor die wêreld van die ontwikkeling van hierdie generiese vaardighede.

4.5 Bevoegdhede en Bevoegdheid-gebaseerde teologiese opleiding (BGTO)

Die doel en taak van teologiese opleiding is om teologiese studente op te lei en toe te rus met die nodige bevoegdhede om ander gelowiges te bemagtig om aan die missie van God en sy Kerk deel te neem. In hierdie studie is die vertrekpunt dat daar 'n noue verband bestaan tussen die kwaliteit van die teologiese opleiding en die kwaliteit van die kandidaat wat gereed is vir die bediening. Bevoegdheid-gebaseerde teologiese opleiding neem hierdie uitdaging ernstig op. Brown (2016:2) formuleer dit soos volg:

> Competency-based theological education represents a paradigm shift in theological education. It offers an innovative way for seminaries and learning networks to raise a new generation of proven leaders, trained in context, in the knowledge, in the skills, and in the character traits they need to prosper in their callings.

In vergelyking met die inhoudsoordragmodel, waar die fokus op inhoud en onderwerpe as die organisatoriese beginsel is, werk die bevoegdheidsgebaseerde model met ’n vloeibaarheid wat ’n raamwerk bied vir leer en onderrig in ’n verskeidenheid kontekste. In die bevoegdheids-model word uitnemendheid hoofsaaklik aan die aard van die proses gemeet en nie aan kennis-produksie nie. Die werklike kriterium vir uitnemendheid in bevoegdheidsgebaseerde onderwys is die mate waarin die student gereed is om effektief in die bediening te funksioneer en potensiaal toon vir voortgesette teologiese opleiding (Youngblood 1989:29).

Volgens Brown (2016:2) is BGTO ’n opvoedkundige model wat die volgende beklemtoon: (1) Leer is ’n omvattender proses as die tyd wat jy in die klaskamer spandeer. (2) Die bemeestering van professioneel-georiënteerde vaardighede staan sentraal. (3) Die klem val op goedbeplande leeraktiwiteite of assesserings (klasgebaseerd of nie, aanlyn of ter plaatse) wat studente teen hul eie tempo kan voltooi. (4) Die skep van ’n gemeenskap van leer waar gereelde en substantiewe interaksie tussen gekwalifiseerde doserende personeel en studente plaasvind. Een manier om BGTO met meer tradisionele opvoedkundige modelle te vergelyk en te kontrasteer, is deur te sê dat die BGTO-model die leerproses konstant hou terwyl tye wissel, en tradisionele modelle, daarteenoor, tyd konstant hou terwyl die leerproses wissel.

Hieruit is dit duidelik dat BGTO ’n benadering is tot die ontwerp van akademiese programme met die fokus op die ontwikkeling van bevoegdhede eerder as op die tyd wat in klaskamers spandeer word. Studente illustreer en demonstreer hul bevoegdhede en kennis deur deel te neem aan leerervarings, aktiwiteite en oefeninge waar daar ’n aansluiting by goedgedefinieerde leeruitkomste is. In die tabel hier onder word ’n oorsig van hierdie bevoegdhede gegee.

As ’n organiserende beginsel vir die ontwikkeling van die vaardigheidsraamwerk word die drie metakategorieë uit Barentsen (2016:272) se werk geneem en na bevoegdhede omgesit. Dit lei tot die volgende resultaat:

- *kernbevoegdhede* wat ons as teologiese leiers kwalifiseer
- vaardighede wat fokus op *verhoudings binne die geloofsgemeenskap*
- vaardighede wat fokus op *verhoudings met diegene buite die geloofsgemeenskap*
- ’n vaardigheid wat op *die ekologie*

Elkeen van hierdie bevoegdhede word gevorm deur die een of ander vorm van aktiwiteit – iets wat ons doen en uitvoer. ’n Geskikte metafoor om dit te beskryf sou wees dat mens verskillende rolle in die drama van geloof en lewe speel.

5. Beskrywing van die bevoegdheidsraamwerk

In die volgende uiteensetting word ’n kort beskrywing gegee van elk van die vier metakategorieë: die kernbevoegdhede, bevoegdhede wat fokus op die verhoudings binne die gemeenskap, bevoegdhede wat fokus op verhoudings met diegene buite die gemeenskap en ’n bevoegdheid wat op die ekologie fokus. Onder elkeen van die vier metakategorieë word dan die verskillende onderskikkende bevoegdhede bespreek wat daarvoor relevant is.

Bevoegdheidsraamwerk (deur die outeur ontwikkel)

Metakategorieë	Bevoegdhede	Beskrywing
Kern-bevoegdhede (Priester)	**Simboliese bevoegdheid**	**Verteenwoordig en bemiddel** tussen die Heilige en die navolging en viering van die gemeenskap se kultuur en identiteit
	Spirituele bevoegdheid	**Lewe en beliggaam** 'n outentieke en transparante geestelike lewe deur die gemeenskap se identiteit te beliggaam en navolgers te bemagtig en te inspireer om op 'n soortgelyke wyse te leef
	Hermeneutiese bevoegdheid	**Interpreteer** die godsdienstige tradisie en betrek volgelinge in die ervaring van die tersaaklikheid van geloof vir die lewe van elke dag
Bevoegdhede binne die gemeenskap (Koning)	**Pastorale bevoegdheid**	**Sorg vir** die geestelike behoeftes en nood van navolgers en bevorder die gevoel van "behoort", in die gemeenskap asook ten opsigte van die tradisies
	Visionêre bevoegdheid	**Mobiliseer** navolgers vir 'n gemeenskaplike doel en bemagtig hulle vir insette as deel van 'n span rondom 'n gemeenskaplike visie
	Versoenende bevoegdheid	**Fasiliteer** die gemeenskap om met konflik, spanning en verskille om te gaan en bestuur prosesse van singewing
Bevoegdhede buite die gemeenskap (Profeet)	**Kommunikatiewe bevoegdheid**	**Kommunikeer** openlik in die openbaar namens die geloofsgemeenskap en lei navolgers om dieselfde te doen in hulle onderskeie sfere van invloed
	Vernuwende bevoegdheid	**Gee leiding** aan navolgers om op vernuwende wyses by die sosiale nood betrokke te raak en mense te help bevry van onderdrukkende sosiale en politieke omstandighede
	Entrepreneurs-bevoegdheid	**Ontwikkel** 'n nuwe sin vir gemeenskap wat sowel godsdienstig as sosiaal geanker is deur ruimte te maak vir 'n verskeidenheid van geestelike ervarings
Bevoegdhede wat fokus op ons planeet (Rentmeester)	**Ekologiese bevoegdheid**	**Onderhou en voed** ons planeet en natuurlike hulpbronne deur geloofsgemeenskappe te mobiliseer om aan aardbewaring deel te neem

5.1 Kernbevoegdhede

Die kernvaardighede van teologiese leierskap hou verband met take wat die kern van hierdie vorm van leierskap waarborg en gevolglik konsentreer op die godsdienstige en teologiese identiteit van die gemeenskap. Die identiteit van leierskap speel hier vanselfsprekend ’n groot rol, en die volgende bevoegdhede kan onderskei word.

5.1.1 Simboliese bevoegdheid

Die eerste bevoegdheid hou verband met die amp van predikant, priester, pastoor of mistikus as verteenwoordiger en bemiddelaar van die Heilige (God). As simboliese leier, voorganger of liturg wil hy of sy die gemeenskap bymekaarbring om die gemeenskap se identiteit deur Woord en sakrament te vier. In hierdie verband neem teologiese leierskap deel aan die vorming van die simbole en kultuur van hul gemeenskappe. Cormode (2006) wys op die feit dat kultuur (ook myns insiens veral binne die postkoloniale konteks) ons verwagtinge en persepsies vorm en dat daar van teologiese leierskap verwag word om die interpretasie van nuwe gebeure en situasies op so ’n manier oor te dra dat dit inpas by die bestaande kulturele repertoire. Teologiese leiers het nie net interaksie met hierdie kulturele simbole nie, maar gee ook aktief vorm aan hierdie simbole, praktyke, oortuigings en geskiedenis van die plaaslike geloofs-gemeenskap. Die struktuur en aard van hierdie simbole, hetsy in die vorm van klere, liturgiese ruimtes, argitektuur, rituele of musiek, sal natuurlik van gemeenskap tot gemeenskap verskil, wat beteken dat ’n goeie begrip en ’n delikate benadering belangrik is.

5.1.2 Spirituele bevoegdheid

Die spirituele bevoegdheid is nou verwant aan simboliese bevoegdheid, met die fokus op ’n outentieke en deursigtige geestelike lewe. In die woorde van die Belydenis van Belhar verteenwoordig dit ’n lewe van eenheid, versoening en geregtigheid. Die teologiese leierskap beliggaam die gemeenskap se identiteit en bemagtig en inspireer volgelinge om ’n soortgelyke lewe te lei. As geestelike gids en rolmodel tree die leier op as ’n geestelike begeleier in ’n poging om die volgelinge se verhouding met die Goddelike te verdiep, maar ook om in sy of haar eie, persoonlike spiritualiteit te leer en te groei. Normaalweg deel die persoon wat geestelik rigting soek sy of haar eie verhale van goddelike ontmoetings terwyl die spirituele begeleier luister en vrae stel om die persoon in die proses van geestelike groei en besinning te help (Dutton (red.) 2010).

5.1.3 Hermeneutiese bevoegdheid

Die derde kernbevoegdheid is die hermeneutiese bevoegdheid, waarvolgens die leier as teoloog, interpreteerder, prediker en leraar die Skrif en tradisie interpreteer om hierdie geskrifte nie net in hul oorspronklike kontekste te verstaan nie, maar ook om die volgelinge te betrek om die tersaaklikheid daarvan in die daaglikse lewe te ervaar. Daarom is kennis van die postkoloniale konteks so belangrik. Sonder begrip van konteks en tradisie het teologiese identiteit geen wortels nie. In hierdie opsig is leiers volgens Osmer (2008) interpretatiewe gidse, waar die gids mense na ’n nuwe gebied neem en hulle help om hierdie gebied te interpreteer. Die teologiese leierskap probeer met ander woorde, soos gestel deur Barentsen (2016:268), om mense te lei in die interpretasie van situasies of lewensgebeure in godsdienstige terme of in teologiese taal om sodoende ’n gevoel van goddelike betrokkenheid of nabyheid in

die situasie te verskaf. Die leier herinterpreteer sekere gebeure en situasies sodat dit sin maak binne nuwe kontekste.

5.2 Bevoegdhede wat binne die godsdienstige gemeenskap fokus

Waar die kernbevoegdhede met die identiteit van teologiese leierskap te make gehad het, verskuif die fokus nou na bevoegdhede wat verband hou met die instandhouding, bewaring en bevordering van die geloofsgemeenskap.

5.2.1 Pastorale bevoegdheid

Een van die kenmerkendste take van teologiese leierskap is die pastoraat, waar die herder vir sy of haar kudde sorg. Deur persoonlike besoeke versorg pastors die lidmate en is hulle persoonlik betrokke by dié se lewens. Hier is ook min sprake van hiërargie en ’n mens vind sorg in die vorm van meelewing met lidmate in hul opregte soeke na hul eie geestelike reis waarin geestelike ervarings en die vind van sin en betekenis sentraal staan. Daar is ook ’n demokratisering van pastorale sorg waarin gelowiges mekaar onderling versorg – die sogenaamde priesterskap van alle gelowiges (Barentsen 2017:71).

5.2.2 Visioenêre bevoegdheid

Die uitdagings wat postkolonialisme en postkolonialiteit aan teologiese leierskap stel, vra om leiers wat die nodige veranderinge kan omarm, ’n visie kan ontwikkel en die nuwe uitdagings, waaronder byvoorbeeld die COVID-19-pandemie, met entoesiasme kan aanpak. Wat betref die floreer en groei van geloofsgemeenskappe het navorsing getoon dat die vermoë van ’n gemeenskap om ’n duidelike visie, doelstellings en rigting te stel, van groot belang is. Dit gaan daaroor om die gemeenskap te lei deur volgelinge te mobiliseer vir ’n gemeenskaplike doelwit en om hulle as deel van ’n span te bemagtig vir ’n verskeidenheid insette. Die gevaar bestaan vir baie geloofsgemeenskappe om al hul tyd en energie te bestee aan oorlewing en onderhoud, in so ’n mate dat ’n visie vir die behoeftes en die nood van die wêreld verlore gaan. ’n Sterk verbintenis tot die visie deur die leierskap deur middel van die stel van duidelike doelwitte lei ook tot groter toewyding van die lede (Press en Powell 2012:36). ’n Mens sou kon sê die COVID-19-pandemie is op die oomblik ’n gemeenskaplike vyand wat almal saamsnoer.

5.2.3 Versoenende bevoegdheid

Krisis en konflik vorm altyd deel van die handel en wandel van ’n gemeenskap, en veral in Suid-Afrika se rasverdeelde postkoloniale samelewing. Met groter diversiteit ten opsigte van verskillende spiritualiteite, is krisisherkenning en ingryping ’n belangrike bevoegdheid vir teologiese leierskap. Die geloofservarings en belangstellings van groepe gelowiges in die geloofsgemeenskap kan maklik uitmekaar groei. Dit is dus ’n belangrike leierskapstaak om te leer om met die verskillende belangegroepe te onderhandel. Laasgenoemde is deurslaggewend, omdat die bediening van versoening en die bewaring van vrede aan alle gelowiges toevertrou word, maar veral aan die leierskap. Konflikbestuur en die verbinding van subgroepe vorm die kern van hierdie soort leierskap. Met groeiende etniese diversiteit is daar ook ’n groeiende behoefte aan interkulturele bekwaamheid wat verwys na die vaardighede, kennis en motivering wat individue bemagtig om effektief in ’n kruiskulturele omgewing aan te pas (Barentsen 2017:72).

5.3 Bekwaamhede wat fokus op diegene buite die geloofsgemeenskap

Daar is reeds aangedui dat ’n geloofsgemeenskap gegrond is in sy teologiese identiteit (’n kernbevoegdheid) en aangevul word deur die versorging en instandhouding van die gemeenskap (bevoegdhede binne die gemeenskap). Geloofsgemeenskappe in Suid-Afrika is egter ingebed in ’n spesifieke postkoloniale samelewing wat hulle beïnvloed en definieer. Die derde groep bevoegdhede is dus gerig op die openbare dimensie van die samelewing.

5.3.1 Kommunikatiewe bevoegdheid

Openbare kommunikasie kan verskillende vorme aanneem, insluitend tradisionele aktiwiteite soos prediking, evangelisasie, die diakonaat en die ontmaskering van sosiale onreg. Leierskap praat namens die geloofsgemeenskap in die openbaar en lei volgelinge om op dieselfde manier op te tree in hul onderskeie invloedsfere. Opvallend is die sterk godsdienstige leierskap wat ten tye van skrywe te midde van die COVID-19-krisis in Suid-Afrika beleef word. Op hierdie manier word die teologiese leier ’n openbare teoloog wat die geloofsgemeenskap in burgerlike omgewings verteenwoordig (Vanhoozer en Strachan 2015). In elk van talle onderskeie instellings word die boodskap van geloof op ’n spesifieke manier gekommunikeer, hetsy deur met ander oor geloof in gesprek te tree, of met die doel om te sorg en te versorg, of as die voorstander vir onderdruktes.

In die huidige tydsgewrig is baie vorme van kommunikasie gedigitaliseer, wat tot gevolg het dat daar van leiers verwag word om kennis te hê van sosiale media en godsdienstige kommunikasie via die internet en selfs via ’n eie webblad. ’n Apologetiese benadering is ’n belangrike deel van hierdie vorm van kommunikasie, naamlik om die baie buitestanders te help om die Christelike geloof beter te verstaan. Die taak van openbare verkondiging verander dus in hierdie situasies van tradisionele geloofstaal na die artikulering van die Christelike geloof vir ’n diverse gehoor (Barentsen 2017:73).

5.3.2 Vernuwende bevoegdheid

Navorsing toon dat leierskap wat nie oop is vir vernuwing en die bereidwilligheid om nuwe dinge te probeer nie, baie vinnig stagneer. Dit gebeur gereeld dat die leierskap in kontak kom met mense buite hul eie grense of met ’n nuwe generasie gelowiges. Openheid vir verandering en ’n gees van vernuwing, ook in die lig van die uitdagings wat die 4IR aan ons stel, is hier noodsaaklik. Baie leiers eksperimenteer met nuwe benaderings ten opsigte van byvoorbeeld verskillende style van aanbidding, verskillende vorme van groepwerk en ’n verskeidenheid van sendingsaktiwiteite. ’n Interessante ontwikkeling in die vernuwing van geloofsgemeenskappe is die opkoms van nuwe vorme van kerke naas meer konvensionele vorme. In die literatuur vind mens terme soos “vars uitdrukkings” (fresh expressions), “opkomende kerke” (emerging churches) en “missionale kerk” wat voorkom as alternatiewe gemeenskappe van aanbidding in die vorm van selgebaseerde kerke, kafeekerke, kerkplantings, netwerkgefokuste kerke en soekende kerke (Press en Powell 2012:44).

5.3.3 Entrepreneursbevoegdheid

Die entrepreneursbevoegdheid is nou verwant aan die vernuwende bevoegdheid, waar leiers dikwels voel dat die tradisionele take van liturgie, prediking en pastorale sorg nie noodwendig tot die herlewing van geloofsgemeenskappe lei nie. In godsdienstige diskoerse word entrepreneurs-

leierskap dikwels geassosieer met missionale leierskap in die vorm van bydraes tot sosiale geregtigheid in die burgerlike gemeenskap, eerder as met die opbou van die plaaslike geloofs-gemeenskap (Van Gelder 2009). Hierdie stap verteenwoordig ’n paradigmaverandering wat nuwe vorme van leierskap vra wat nog nie gedefinieer is nie. Die e-kerk in Suid-Afrika kan as voorbeeld gebruik word, ten opsigte van beide die aard van die geloofsgemeenskap en die vorm van leierskap wat hierby betrokke is (Nell 2016:1).

5.4 ’n Bekwaamheid wat op planeet aarde fokus

Die aarde is ons moeder, maar ons behandel haar nie goed nie. As ’n mens die verslag van die Verenigde Nasies oor klimaatsverandering lees wat onlangs verskyn het (IPCC 2019), besef ’n mens watter ernstige probleme daar met die versorging van die aarde ondervind word. In werklikheid is die vraag inderdaad of die ekologiese bevoegdheid nie heel bo-aan die lys geplaas behoort te word nie, want as ons planeet uitgeput raak en menslike lewe nie meer volhoubaar is nie, sal al die ander bevoegdhede nie meer nodig wees nie.

In Suid-Afrika, wat onlangs een van die grootste droogtes in die geskiedenis van die mensdom beleef het en waar die bewoners van die Wes-Kaap enkele dae weg was van wat hulle “dag zero” genoem het, wanneer al die krane sou opdroog, het mense skielik bewus geword van die impak van aardverwarming. Op 28 Augustus 2019 is die Verenigde Nasies se *Global Climate Report* met die titel “Climate change and land” deur die IPCC gepubliseer (IPCC 2019). Dit is baie duidelik uit hierdie verslag dat die mensdom in ernstige probleme verkeer en dat die Verenigde Nasies in verband met klimaatsverandering ernstige aktiewe optrede bepleit. Volgens die verslag bring elke week ’n nuwe voorbeeld van klimaatsverwante verwoesting van regoor die wêreld. Dit is belangrik vir teologiese leierskap om sekere vaardighede te ontwikkel om hierdie uitdaging aan te spreek deur middel van verskeie maniere van kommunikasie.

6. Gevolgtrekking

Die woorde *priester*, *profeet*, *koning* en *rentmeester* verskyn in die tabel hier bo en hou verband met die vier metakategorieë van bevoegdhede. Die raamwerk is doelbewus so benoem vanuit my oortuiging dat daar agter of onder al hierdie bevoegdhede ’n diep teologiese substruktuur gevind kan word wat teruggaan na die ampte van priester, profeet, koning en rentmeester. Hierdie ampte is ook toegeskryf aan die bediening van Jesus, onder andere deur Calvyn.

Leierskap in Christelike geloofsgemeenskappe is derhalwe inherent ’n geestelike aangeleentheid, en daarom moet mens nie die vermoë wat sulke leiers het om ander se gedrag en optrede te beïnvloed, ligtelik opneem nie. Daarom word voorkeur gegee aan die idee van ’n spiritualiteit van leierskap, waarmee bedoel word dat leiers oop moet wees vir die leiding van die Heilige Gees, waar die Gees hulle vorm en omskep na die beeld van Christus.

Ons kan dus die vier stelle vaardighede op die volgende manier opsom:

- Die kernbevoegdhede hou verband met ’n vorm van *priesterlike luister* wat gegrond is in ’n spiritualiteit van teenwoordigheid: om aandag te gee aan ander in hul uniekheid binne die teenwoordigheid van God.

- Die interne bevoegdhede hou verband met ’n vorm van *transformerende leierskap*, gegrond in ’n spiritualiteit van dienskneggebaseerde leierskap: die neem van risiko’s namens die gemeenskap om hulle te help om hul missie beter te beliggaam as ’n teken en getuie van God se selfgewende liefde.
- Die eksterne bevoegdhede hou verband met ’n vorm van *profetiese onderskeiding*, gegrond in ’n spiritualiteit van onderskeiding: om ander te help om die Woord van God te hoor in die besondere omstandighede van hul lewens en wêreld.
- Die ekologiese bevoegdheid hou verband met ’n vorm van *wyse oordeel* gegrond in ’n spiritualiteit van wysheid: om ander te lei hoe om aardbewaring toe te pas.

Maar voordat daarop gewys word dat dit onmoontlik is om al hierdie vaardighede te bemeester, en dat dit ’n bomenslike en onrealistiese ideaal is, moet ek self toegee dat dit inderdaad onmoontlik is vir een persoon om al hierdie bevoegdhede tegelyk te bemeester. Daarom vind mens vertroosting as jy in 1 Korintiërs 1:17–25 na Paulus luister waar hy oor die dwaasheid van die kruis skryf. Volgens Paulus se leierskapstyl is ons almal “dwase in Christus” en word leierskap slegs deur die dwaasheid van die kruis moontlik.

Afsluitend is enkele laaste opmerkings nodig rakende teologiese leierskap vanuit hierdie oogpunt. Eerstens onderbreek en ontwrig dwase leierskap “die owerhede en die magte” van die dag. Tweedens skep sulke leierskap ’n liminale ruimte waar die Gees kan beweeg, en weet die leiers dat hulle nie die middelpunt van die aandag is nie. Derdens maak sulke leierskap nuwe perspektiewe moontlik en help dit om die teenwoordigheid van God se Koninkryk te onderskei. Laastens neem sulke leierskap sigself nie te ernstig op nie, omdat dit geheel en al afhang van die gawe en krag van die Gees.

Bibliografie

Adam, S. 2008. Learning outcomes current developments in Europe: Update on the issues and applications of learning outcomes associated with the Bologna process. Paper presented at the Bologna Seminar: Learning outcomes based higher education: The Scottish experience. 21–22 Februarie, Heriot-Watt University, Edinburgh.

Barentsen, J. 2017. Practising religious leadership. In Storey, Hartley, Denis, ’t Hart en Ulrich (reds.) 2017.

—. 2017. Kenmerken van veranderend pastoraal leiderschap. In Steen (red.) 2017.

Bird, A., J.S. Osland en H.W. Lane. 2004. Global competencies: An introduction. In Lane, Maznevski, Mendenhall en McNett (reds.) 2004.

Bradnick, D. 2012. Postcolonial theology. *The Encyclopedia of Christian civilization*. Wiley Online Library. https://onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.1002/9780470670606.wbecc1095 (5 Augustus 2019 geraadpleeg).

Brown, E.S. 2016. "Time for reset" in theological education: 200 gather to discuss innovation at Education Models and Practices Forum. Association of Theological Schools, Colloquy Online, March. https://www.ats.edu/uploads/resources/publications-presentations/colloquy-online/ed-models-and-practices-forum.pdf (15 September 2019 geraadpleeg).

Campbell-Reed, E.R. 2020. Four guidelines for improvising pastoral leadership through a pandemic. *The Christian Century*. https://www.christiancentury.org/article/recommendations/four-guidelines-improvising-pastoral-leadership-through-pandemic (3 April 2020 geraadpleeg).

Cormode, S. 2006. *Making spiritual sense: Christian leaders as spiritual interpreters.* Nashville, TN: Abingdon.

Du Preez, M. 2014. *A rumour of spring: South Africa after 20 years of democracy*. Cape Town: Penguin Random House South Africa.

Dutton, M.L. (red.). 2010. *Aelred of Rievaulx: Spiritual friendship*. Collegeville, MN: Liturgical Press.

Elmes, J. 2017. Martin Boehm: Preparing students for jobs that don't exist yet. *Times Higher Education*, 25:1–12.

Grosfoguel, R. 2009. A decolonial approach to political-economy: Transmodernity, border thinking and global coloniality. *Kult*, 6(1):10–38.

IPCC (Intergovernmental Panel on Climate Change). 2019. Climate change and land: An IPCC special report on climate change, desertification, land degradation, sustainable land management, food security, and greenhouse gas fluxes in terrestrial ecosystems. https://www.ipcc.ch/site/assets/uploads/2019/08/Fullreport-1.pdf (12 September 2019 geraadpleeg).

Jacobs, C. en S. Strydom. 2014. From "Matie" to citizen: Graduate attributes as signature learning at Stellenbosch University. *The Independent Journal of Teaching and Learning*, 9(1):63–74.

Jones, A. 2013. There is nothing generic about graduate attributes: Unpacking the scope of context. *Journal of Further and Higher Education*, 37(5):591–605 https://doi.org/10.1080/0309877X.2011.645466.

Lane, H.W., M.L. Maznevski, M.E. Mendenhall en J. McNett (reds.). 2004. *The Blackwell handbook of global management: A guide to managing complexity.* Hoboken, N.J.: John Wiley.

Le Grange, L. 2016. Decolonisation involves more than simply turning back the clock. *The Conversation*, 11 July. https://theconversation.com/decolonisation-involves-more-than-simply-turning-back-the-clock-62133.

Mignolo, W.D. 2007. Delinking: The rhetoric of modernity, the logic of coloniality and the grammar of de-coloniality. *Cultural studies*, 21(2–3):449–514.

Miller-McLemore, J. (red.). 2012. *The Wiley-Blackwell companion to practical theology*. Malden, MA: Blackwell.

Mulder, M., T. Weigel en K. Collins. 2007. The concept of competence in the development of vocational education and training in selected EU member states: A critical analysis. *Journal of Vocational Education & Training*, 59(1):67–88. https://doi.org/10.1080/13636820601145549.

Nell, I.A. 2016. Virtual leadership? The e-church as a South African case in point. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies*, 72(2):1–9. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i2.3570.

Nell, I.A. en J.P. Bosman. 2017. Integrating graduate attributes into a Master of Divinity Programme at a South African University. *South African Journal of Higher Education*, 31(1):175–90. https://doi.org/10.20853/31-1-868.

Osmer, R.R. 2008. *Practical theology: An introduction*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Press, M. en R. Powell. 2012. *Enriching church life: A practical guide for local churches*. Strathfield: Mirrabooka Press.

Ramos, G. en A. Schleicher. 2018. Preparing our youth for an inclusive and sustainable world: The OECD PISA global competence framework. https://www.oecd.org/education/Global-competency-for-an-inclusive-world.pdf.

Sharp, M.M. 2012. Globalization, colonialism, and postcolonialism. In Miller-McLemore (red.) 2012.

Shavelson, R.J. 2010. On the measurement of competency. *Empirical Research in Vocational Education and Training*, 2(1):41–63.

Steen, M. (red.). 2017. *Gidsen die begeesteren: Over pastoraal leiderschap*. Antwerpen: Halewijn.

Storey, J., J. Hartley, J.L. Denis, P. ’t Hart en D. Ulrich (reds.). 2017. *Routledge companion to leadership*. Londen en New York: Routledge.

Universiteit Stellenbosch. 2017. Recommendation of the task team for the decolonisation of the Stellenbosch University curriculum. http://www.sun.ac.za/english/transformation/Documents/SU%20Decolonisation%20Task%20Team%20Final%20Report%20with%20Annexures.pdf (16 November 2019 geraadpleeg).

Van Gelder, C. (red.). 2009. *The missional church and leadership formation: Helping congregations develop leadership capacity*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Vanhoozer, K.J. en O. Strachan. 2015. *The pastor as public theologian: Reclaiming a lost vision*. Ada, MI: Brazos Press.

Young, J. en E. Chapman. 2010. Generic competency frameworks: A brief historical overview. *Education Research and Perspectives*, 37(1):1–7.

Youngblood, R.L. 1989. *Excellence and renewal goals for the accreditation of theological education*. https://philpapers.org/rec/YOUEAR (18 November 2019 geraadpleeg).

Eindnotas

[1] Vir ’n interessante perspektief vanuit die VSA, sien Campbell-Reed 2020.

[2] Vir meer inligting, besoek https://en.wikipedia.org/wiki/Stellenbosch.

[3] Du Preez (2014) het ’n insiggewende en uitgebreide ontleding gedoen waarin hy die afgelope 20 jaar verskeie van Suid-Afrika se sosio-ekonomiese probleme onder die soeklig plaas. Sien ook die volgende webwerf: https://www.ipcc.ch/report/srccl.

[4] Sien die volgende webtuiste vir die nuutste inligting: https://sacoronavirus.co.za.